

# 10 INDIË



## Bid vir Indië

- Prys God dat baie mense in Indië tot geloof kom deur wonderbaarlike genesings en die brawe getuienis van Indiese Christene. Bid dat dit sal voortgaan en dat baie meer mense Jesus sal leer ken.
- Bid vir beskerming vir ons broers en susters, veral dié wat nuwe Christene is en dié wat in landelike gebiede woon, waar hulle baie geïsoleerd is. Bid dat God hulle families en gemeenskappe sal help om hul nuwe geloof te aanvaar.
- Vra God om Sy werk deur Geopende Deure se vennote voort te sit om praktiese ondersteuning en bemoediging aan dié te bring wat hulp die meeste benodig. Bid vir wysheid en energie vir Geopende Deure se vennote, en vra God om hulle te beskerm terwyl hulle hierdie belangrike werk uitvoer, veral tydens die pandemie.

**"Terwyl ek in isolasie was, het ek besef dat ek meer tyd vir gemeenskap met die Here het. Ek het geduldig gewag, gebid en die Here vir alles gedank."-**
Gaurav*

WWL 2021
Totale punte
**83%**

Druk
**81%**

Geweld
**92%**

**Streek**
Asië

**Bevolking**
1 383 198 000

**Christelike bevolking**
67 356 000 (4,9%)

**Meerderheidsgeloof**
Hindoeïsme

**Bronne van vervolging**
Godsdienstige nasionalisme, Clan-onderdrukking, Etno-godsdienstige vyandigheid.

WIL JY MEER WEET?